

OFFISIELLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA


OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGawe OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY



10c Woensdag 12 April 1978 WINDHOEK Wednesday 12 April 1978 No. 3737

INHOUD

CONTENTS

ONTWERPORDONNANSIE:

DRAFT ORDINANCE:

Munisipale Hondebelaстиngwysigingsontwerpordonnansie, 1978	Municipal Dog Tax Amendment Draft Ordinance, 1978	420
	419	

ONTWERPORDONNANSIE

DRAFT ORDINANCE

Die volgende Ontwerpordonnansie word vir algemene inligting gepubliseer.

The following Draft Ordinance is published for general information.

H. P. F. GOUS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

H. P. F. GOUS,
Secretary for South West Africa.

Administrasie van Suidwes-Afrika,
Windhoek.

Administration of South West Africa,
Windhoek.

Die volgende ontwerpordonnansie word vir algemene inligting gepubliseer.

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA

Woorde met 'n volstreep daaronder dui aan invoegings voorgestel.

[Woorde tussen vierkantige hake dui aan skrappings voorgestel.

ONTWERPORDONNANSIE

Tot wysiging van die Municipale Hondebelastingordonnansie 1967, om voorsiening te maak dat die bedrag van die belasting deur rade met die goedkeuring van die Uitvoerende Komitee bepaal word; om die bedrag wat aan laatgeld betaal moet word as 'n persentasie van die belasting uit te druk; om die maksimum boetes te verhoog; om voorsiening te maak vir die uitvaardiging van regulasies met betrekking tot hondehokke en ander huisvesting vir honde; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:—

Vervanging van artikel 3 van Ordonnansie 13 van 1967.

1. Artikel 3 van die Municipale Hondebelastingordonnansie 1967 (hieronder die Hoofordonnansie genoem), word hierby deur die volgende artikel vervang:

"[Bedrag van belasting.] 3. Die bedrag van die belasting is —

- (a) een rand ten opsigte van enige hond buiten 'n ongesnyde teef; en
- (b) vyf rand ten opsigte van enige ongesnyde teef.]

Bedrag van belasting. 3. (1) Die bedrag van die belasting word, onderworpe aan goedkeuring deur die Uitvoerende Komitee, deur die raad wat die belasting ople, bepaal.

(2) Die bedrag wat aldus bepaal word kan verskil na gelang van —

(a) die ras van die hond;

(b) die geslag van die hond;

(c) enige ander eienskap van die hond na goedgunke deur die raad bepaal;

(d) enige ander maatstaf wat die raad goed vind.

(3) Die bedrag van die belasting word, nadat dit deur die Uitvoerende Komitee goedgekeur is, by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* afgekondig."

GENERAL EXPLANATORY NOTE

Words underlined with solid line indicate insertions proposed.

[] Words in square brackets indicate omissions proposed.

DRAFT ORDINANCE

To amend the Municipal Dog Tax Ordinance, 1967, so as to provide that the amount of the tax shall be determined by councils with the approval of the Executive Committee; to express the amount payable as a late fee as a percentage of the tax; to increase the maximum fines; to provide for the promulgation of regulations in relation to kennels and other accommodation for dogs; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:—

1. The following section is hereby substituted for section 3 of the Municipal Dog Tax Ordinance, 1967 (hereinafter referred to as the principal Ordinance):

Substitution of section 3 of Ordinance 13 of 1967.

"[Amount of tax] 3. The amount of the tax shall be —

- (a) one rand in respect of any dog other than an unspayed bitch; and
- (b) five rand in respect of an unspayed bitch.]

Amount of tax. 3. (1) The amount of the tax shall, subject to approval by the Executive Committee, be determined by the council imposing the tax.

(2) The amount so determined may differ according to —

- (a) the breed of the dog;
- (b) the sex of the dog;
- (c) any other characteristic of the dog determined by the council at its discretion;
- (d) any other criterion which the council may deem fit.

(3) The amount of the tax shall, after it has been approved by the Executive Committee, be published by notice in the *Official Gazette*.

Wysiging van artikel 4 van Ordonnansie 13 van 1967, soos gewysig deur artikel 3 van Ordonnansie 41 van 1967.

2. Artikel 4 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die tweede voorbehoudsbepaling by subartikel (2) deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

"Met dien verstande voorts dat [as so 'n belasting nie binne twee maande nadat dit verskuldig en betaalbaar geword het, betaal word nie,] in die geval van versuim om so 'n belasting te betaal binne twee maande nadat dit verskuldig en betaalbaar geword het, 'n laatgeld van [een rand] tien persent van sodanige belasting per maand of gedeelte van 'n maand waarin die versuim voortduur, bereken vanaf die datum waarop die belasting verskuldig en betaalbaar geword het, benewens sodanige belasting, verskuldig en betaalbaar word."

Vervanging van artikel 14 van Ordonnansie 13 van 1967.

3. Artikel 14 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Strafbepalings.

14. Elkeen wat ingevolge hierdie ordonnansie skuldig bevind word aan 'n misdryf, is strafbaar in die geval van 'n [oortreding van] misdryf bedoel in —

- (a) artikel 4(3) of artikel 11 met 'n boete van hoogstens [twintig] honderd rand of [met] gevengenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een maand;
- (b) artikel 8(2), artikel 9(5) (a), (b) of (c) (e), of artikel 13(d) met 'n boete van hoogstens [veertig] tweehonderd rand of gevengenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee maande;
- (c) artikel 9(5)(c) of (d), of artikel 13(a), (b) of (c), met 'n boete van hoogstens [honderd] vyfhonderd rand of gevengenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande."

Wysiging van artikel 15 van Ordonnansie 13 van 1967, soos gewysig deur artikel 4 van Ordonnansie 41 van 1967

4. Artikel 15 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig —

- (a) deur in paragraaf (i) die woord "twintig" deur die woord "honderd" te vervang; en

- (b) deur die volgende paragraaf by te voeg:

"(j) (i) vereistes ten opsigte van hondehokke en ander huisvesting vir honde voorgeskryf word;

(ii) voorsiening gemaak word vir die goedkeuring van hondehokke en ander huisvesting vir honde en vir die uitreiking van geskikheidsertifikate ten opsigte van sodanige hondehokke en ander huisvesting vir honde;

(iii) die voorlegging van die geskikheidsertifikate bedoel in subparagraph (ii) vereis word voordat lisensies uitgereik word."

2. Section 4 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for the second proviso to subsection (2) of the following proviso:

Amendment of section 4 of Ordinance 13 of 1967, as amended by section 3 of Ordinance 41 of 1967.

"Provided further that [if any such tax is not paid within two months after it has become due and payable,] in the case of failure to pay any such tax within two months after it has become due and payable, a late fee of [one rand] ten per cent of such tax per month or part of a month during which the default continues, calculated from the date upon which the tax became due and payable, shall be due and payable in addition to such tax."

3. The following section is hereby substituted for section 14 of the principal Ordinance:

Substitution of section 14 of Ordinance 13 of 1967.

"Penalties.

14. Any person convicted of an offence under [the provisions of] this Ordinance shall be liable, in the case of [a contravention of] an offence referred to in —

- (a) section 4(3) or section 11 to a fine not exceeding [twenty] one hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding one month;
- (b) section 8(2), section 9(5)(a), (b) or (e) or section 13(d) to a fine not exceeding [forty] two hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding two months;
- (c) section 9(5)(c) or (d), or section 13(a), (b) or (c), to a fine not exceeding [one] five hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months.".

4. Section 15 of the principal Ordinance is hereby amended —

Amendment of section 15 of Ordinance 13 of 1967, as amended by section 4 of Ordinance 41 of 1967.

(a) by the substitution in paragraph (i) for the word "twenty" of the words "one hundred"; and

(b) by the addition of the following paragraph:

"(j) (i) prescribing requirements in respect of kennels and other accommodation for dogs;

- (ii) providing for the approval of kennels and other accommodation for dogs and for the issue of certificates of suitability in respect of such kennels and other accommodation for dogs;
- (iii) requiring the production of the certificates of suitability referred to in subparagraph (ii) before licences are issued."

Kort titel en inwerking-treding.

55. (1) Hierdie Ordonnansie heet die Municipale Hondebelastingwysigingsordonnansie, 1978, en tree in werking op 'n datum wat deur die Uitvoerende Komitee bepaal en by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* aangekondig word.

(2) Verskillende datums kan ingevolge subartikel (1) ten opsigte van verskillende bepalings van hierdie Ordonnansie bepaal word.

5. (1) This Ordinance shall be called the Municipal Dog Tax Amendment Ordinance, 1978, and shall come into operation on a date to be determined by the Executive Committee and published by notice in the *Official Gazette*.

Short title and commencement.

(2) Different dates may be determined in terms of subsection (1) in respect of different provisions of this Ordinance.